Verder word daar 'n DVD verskaf met al die liedjies se musiekvideos op. Hulle sit ook as 'n bonus die hele 2010-MK Awards op.



Apollo is Dead – Mr. Black in the Kitchen with the Candlestick

LIEZL GELDENHUYS

Apollo is Dead (AiD) is in 2007 gebore – na vyf vriende mekaar belowe het om 'n band te stig.

Begin September 2010 het hulle hul eerste EP uitgebring, getiteld: *Mr. Black in the Kitchen with the Candlestick*.

Die omslag lyk goedkoop en on-professioneel, maar dit is die inhoud wat saak maak.

Die inleidende snit, saamgestel deur DLK Studios se klankingenieurs, klink soos die klankbaan vir Cluedo: donker, misterieus en baie belowend...

Die res van die album stel egter teleur. Die produksie is van swak kwaliteit.

Frontman Victor sukkel ook om nootvas te bly in sommige liedjies.

Nie 'n album waarop geld gemors moet word nie.

Maar daar is tog 'n tikkie belofte in die eerlike lirieke en betowerende melodieë.



BSc GRADUATE?

WHAT WILL YOU BE DOING IN 2011?

An Honours degree in Materials Science from UCT will open up interesting and stimulating possibilities for your future.

www.mateng.uct.ac.za/apply.htm

FACULTY OF ENGINEERING & THE BUILT ENVIRONMENT

Calling all graduates!

Stellenbosch University needs your voice.

Complete the Omega questionnaire before 27 November 2010 and stand in line to win a prize - Lanzerac spa vouchers, iPods, cash AND vouchers for one of the following restaurants.

Go to: <http://admin.sun.ac.za/trackwell/ogvrbrief1.htm> for more info.

Vang jy vanjaar graad?

Universiteit Stellenbosch wil weet wat jy dink.

Voltooi die Omegavraelys voor 27 November 2010 en staan 'n kans om 'n prys te wen - Lanzerac spa-geskenkbewyse, iPods, kontant EN geskenkbewyse vir een van hierdie spog-eetplekke.

Besoek: <http://admin.sun.ac.za/trackwell/ogvrbrief1.htm> vir meer inligting.



LANZERAC HOTEL & SPA

LA PINETA Restaurant

NEETHLINGSHOF RESTAURANT

VOLKSKOMBUIS STELLENBOSCH

TYPING

R20 a page

Email nataliet01@telkomsa.net

Fax 086 574 7044

Cell 083 785 2460

Die *Die Matie* se laaste uitgawe vir 2010, en dus ook ons laaste redaksioneel van die jaar. Hopelik nie ons laaste (vrye) redaksioneel óóit nie, maar dit is moeilik om te sê in watter rigting Suid-Afrika se voorgestelde media-wetgewing sal gaan, so hierdie mag dalk die laaste geleentheid wees om te skryf wat ons régtig dink. Wie weet?

Die voorgestelde mediatribunaal is nie volgens almal 'n slegte idee nie. O, nee, veral één persoon – 'n kenner op die gebied van min of meer alles wat in hierdie land aangaan – het hom verlede week ten gunste van die mediatribunaal uitgespreek.

Ek praat natuurlik van die sanger Steve Hofmeyr, wat volgens *Die Burger* van 28 September gesê het: "Die feit dat die media aan niemand rapporteer nie, is die bakermat van fascisme".

Volgens die HAT is fascisme 'n "antiparlementêre staatsstelsel

waarby die wetgewende en uitvoerende mag by 'n diktator berus". Dink maar aan vandag se Zimbabwe en Noord-Korea, Hitler se Duitsland, Mussolini se Italië en die sogenaamde Duitse Demokratiese Republiek (die eertydse Oos-Duitsland) – nié lande waar 'n vredeliewende mens noodwendig sou wou bly nie.

Dus is fascisme nié die regeringsvorm wat ons tans beleef nie, maar die stelsel wat op ons wag indien niemand meer die reg sou hê om die regering se besluite en doen en late (of openbare figure se manewales) te kritiseer nie.

Dit klink, om die waarheid te sê, nogal besonder baie na hierdie land se Slegte Ou Dae van sensuur en die intimidering van joernaliste. Die apartheidsregering het ook gedink dit is 'n goeie idee om "inligting te beskerm".

Net soos die huidige regering dit goedgevind het om onlangs hul eie koerant te stig, het die toentertydse eerste-


minister John Vorster en sy minister van inligting Connie Mulder besluit om 'n propagandablad te stig om die effek van die liberale Engelse pers teen te werk. Hoe durf mense glo dat Apartheid 'n slegte idee sou wees?

Die Inligtingskandaal wat die gevolg van hierdie besluit was, het Vorster en Mulder hul loopbane gekos.

"No question now, what had happened to the faces of the pigs. The creatures outside looked from pig to man, and from man to pig, and from pig to man again; but already it was impossible to say which was which."

'n Mens wil amper histeries begin giggel as jy vandag Orwell se *Animal Farm* (1945) lees. Dit wil-wil voel asof ons nog niks van ons eie geskiedenis geleer het nie. Diegene wat media-vryheid "in die naam van demokrasie" wil onderdruk, is maar eintlik net met die beskerming van hul eie mag en welvaart bemoeid.

BRIEWE LETTERS



Luister-Leef-en-Leer-slaggat

Ek sal graag my stem wil voeg by ander ongelukkige studente oor die omstredeheid rondom die keuring vir Luister-Leef-en-Leer-huise (*Die Matie*, 22/09/10).

Eerstens moet ek noem dat dit opvallend is dat *Die Matie* vir die eerste keer in 'n lang tyd weer soos 'n koerant lyk. Die beriggewing in die uitgawe van 22 September getuig dat daar aan studente se griewe aandag gegee word en dat die koerant nie soos in die verlede net 'n persverslag (dalk spreekbuis?) vir die Universiteit Stellenbosch is nie. Aan die (nuwe) redaksie dus: welgedaan!

In my aansoek vir die Luister-Leef-en-Leer-program was dit duidelik dat 'n onderhoud vir alle aansoekers deel van die keuringsproses is. Op 2 September om 19:18 ontvang ek 'n e-pos van me Cheryl Cornelissen, projekkoördineerder: Luister-Leef-en-Leerhuise, dat my onderhoud minder as 20 uur later op 3 September sou plaasvind. Ek is gevra om te bevestig.

Weens tesisverpligtinge in Kaapstad het ek dadelik vir me Cornelissen laat weet dat ek nie die onderhoud sal kan bywoon nie en het ek gevra of 'n ander dag vir 'n onderhoud moontlik is. Op my aanvraag het ek geen respons ontvang nie. Die resultaat: geen onderhoud; geen keuring. Ek is afgekeur sonder dat ek eens die kans gegun is om 'n onderhoud by te woon.

Ek wil nie woorde in mnr Pieter Kloppers se mond sit nie (jis, mnr Kloppers is definitief die US se mees omstrede nuusmaker van die jaar – hoeveel keer was hy nie al in 2010 in die nuus nie?), maar uit die berig kom dit oor asof studenteiebers by verre voorkeur bo ander "normale" studente geniet het. Hoekom studente se tyd mors as die organiseerders geweet het wie hulle wou plaas? En hoekom is hierdie "uitverkore" studente op grond van CV's gekeur en ander vir 'n onderhoud genooi? Ai, ek het geweet ek moes *glitter* op my CV gesit het!

– CHRISTIAAN BOONZAIR

Do something about it!

After reading the latest edition of *Die Matie* (22/09/10), it has come to my attention that we have a serious problem. We are all a bunch of inconsiderate whiners. We don't care about anyone's feelings. We don't think before we speak.

There was a picture of two guys kissing on the front page and everyone was so shocked, but have you ever thought that the news (and the truth) is meant to shock sometimes? Yes, there are gay people on campus, didn't you know?

I emphasise the word people. They have lives and friends and also like to have a normal student life. How would you feel if you (a guy) were ridiculed for kissing your girlfriend? How rude to ridicule someone who has the guts openly to portray who they are. To the gay people who are offended by the constant hostility: do something about it!

If you want the right to complain, you have to accept the responsibility to do something about it. You can't go around complaining of a headache, but refuse to take a Panado.

– ANNOYINGLY POSITIVE

Maties-Hokkie verloor beheer

Die koshuisliga word nie doeltreffend deur Maties-Hokkie bestuur nie. Daar word onder meer geen moeite gedoen om skeidsregters vir wedstryde te verskaf nie. Daar word jaarliks skeidsregters by die akademie opgelei, maar min skeidsregters kom by eerste- of tweede-ligawedstryde uit.

'n Mens moet partykeer in 'n koshuiswedstryd tevrede wees met 'n rugbyspeler wat vir jou blaas. Daar word ook nie streng gemonitor wanneer spelers mag of nie mag speel nie en reëls word nie nagekom nie.

Ons, as koshuis-hokkiespelers, betaal jaarliks R310. Waarvoor? Die velde se lyne is partykeer nie gekalk nie en soms kan jy nie die bal sien aankom in die lang gras nie. Ek hoop regtig dat Maties-Hokkie in die vervolg meer moeite sal doen met die eerste- en tweede-koshuisligas. Dit breek 'n span se moed as daar nie regverdigheid in sport kan seëvier nie.

– BEKOMMERDE HOKKIESPELER

US-swembad staan leeg

In Mei vanjaar is die water in die universiteitswembad leeggeloopt om herstelwerk aan die swembad te doen. Volgens beamptes is daar 'n lek. In die vier maande sedertdien is daar nog geen begin aan die herstel gemaak nie.

Dit raak nou somer, maar die swembad kan steeds nie gebruik word nie. In 2007 was dit dieselfde storie. Die swembad is opgegradeer, maar was eers einde Oktober 2007 gereed vir gebruik. 'n Antwoord word gesoek.

– KRANIGE SWEMMER

Parkeerplekke nie vir publiek

Erica is nié 'n publieke parkeerarea nie! Daar is nie genoeg plek vir ander mense om ook daar te parkeer nie. Ons moes al hoeveel keer mense vasparkeer omdat daar nooit plek is nie.

En moenie vir my kom sê dat jy 'n belangrike afspraak gemis het omdat ek nie my kar weggevat het nie. Ons parkeer nie voor jul motorhuise as ons nie by julle kuier nie.

– WOEDEND

Briewe mag nie langer as 400 woorde wees nie en moet teen die Vrydag voor elke uitgawe aan briewe@diematie.sun.ac.za gestuur word. Skrywers se regte name moet alle briewe vergesel, selfs dié wat onder skuilname geplaas word. Geen handgeskrewe briewe sal geplaas word nie.

Letters should not be longer than 400 words and must be sent to briewe@diematie.sun.ac.za by the Friday before the next edition. Writers' real names must accompany all letters, even those published under a pseudonym. No hand-written letters will be published.



GEEN DRUPPEL IN DIE OSEAAN Met die somer om die draai is dit kommerwekkend dat die universiteitswembad steeds leeg staan ná reparasies reeds in Mei vanjaar begin het.

HOOFREDAKSIE

HOOFREDAKTEUR Marietjie Vos (redakteur@diematie.sun.ac.za)
ADJUNKREDAKTEURS Anika Marais (inhoud@diematie.sun.ac.za), Roann Louw (grafika@diematie.sun.ac.za), Eumaine Petersen (bedryf@diematie.sun.ac.za)
NUUS Vakant (nuus@diematie.sun.ac.za)
AKTUEEL Zanie Maree (aktueel@diematie.sun.ac.za)
DAG EN NAG Marinette Potgieter (dn@diematie.sun.ac.za)
STUDENTELEWE Martmarie Knoetze (sl@diematie.sun.ac.za)
SPORT Elizmarie Theron (sport@diematie.sun.ac.za)
TEKS Vakant (teks@diematie.sun.ac.za)
FOTO Vanessa Smeets (foto@diematie.sun.ac.za)
ADVERTENSIES Anthea Hartzenberg (ads@diematie.sun.ac.za)
REKENAAR Gerrit Maritz (it@diematie.sun.ac.za)

MEDEWERKERS

KWYTRAAK Jo Wessels (kwytraak@diematie.sun.ac.za)
CARBON COPY Ryan Hartley (carbon@diematie.sun.ac.za)
HEADBAND HEDONIS Simoné Nortmann (headband@diematie.sun.ac.za)
SPOTPRENT Vakant (spotprent@diematie.sun.ac.za)
ADDITIONELE GRAFIKA www.sxc.hu
TEKS Lizl Morden en Madelè du Plessis

STEL JY BELANG?

As jy as joernalis, taalversorger, grafiese ontwerper, advertensiewerwer, fotograaf of rekenaarassistent betrokke wil raak, woon gerus 'n redaksievergadering by op die Woensdag waarop *Die Matie* verskyn. Ons vergader om 18:30 in ons kantoor op die eerste verdieping van die Neelsie.

TEL 021 808 3539 FAKS 021 808 3538 E-POS diematie@diematie.sun.ac.za

POSADRES Langenhoven Studentesentrum, Privaatsak X1, Universiteit Stellenbosch, Matieland, 7602

WEBADRES www.sun.ac.za/diematie OPLAAG 8 000

VOLGENDE UITGAWE 2 Februarie 2011 SPERDATUM 26 Januarie 2011

ADVERTENSIES 082 492 0474

KLAGTEPROSEDURE EN FOUTRAPPORTERING

Indien enige leser 'n klagte het dat *Die Matie* nie op 'n ewewigtige, eerlike en objektiewe wyse rapporteer nie, of dink dat menings uitgespreek in *Die Matie* nie godsdienstige en kulturele sake met omsigtigheid hanteer nie, kan 'n klag by die SR-lid vir Media gelê word. *Die Matie* is onderhewig aan 'n gedragskode wat by die SR-lid vir Media beskikbaar is. Alle klagtes word deur 'n regsdosent ondersoek, waarna *Die Matie* voor die Mediaraad kan verskyn. Klagtes moet ingevolge die Mediareglement binne tien werkdade ná publikasie aangehangig gemaak word.

Die Matie subscribes to the South African Press Code that prescribes news that is truthful, accurate, fair and balanced. If we don't live up to the code, please contact the Press Ombudsman at 011 788 4837. You may also lodge an internal complaint or report factual errors by contacting the SRC member for Media and following the procedure explained on the left.



The Journey Home: Aliens coming to Earth

CARBON COPY

The past week has been a rollercoaster ride of emotion for those involved in intergalactic politics. Early last week the UK *Sunday Times* announced that the United Nations was taking the aphorism "Better safe than sorry" seriously and, in light of the recent discovery

of a number of Earth-

like planets, was appointing an Ambassador to Aliens.

Mazlan Othman, astrophysicist and former head of the Malaysian Space Programme (an institution which is either pretty relaxed or pretty secretive about actually sending things into space) was touted as the go-to-girl for incoming extraterrestrials. No sooner were comedians everywhere trying to come up with the best probing joke possible than we were told that it was not to be. Dr Othman had told the world that the position simply wasn't true. But what destroyed this dream? Why would a respected government official not leap at the chance to hold a job which would involve large periods of sitting around and doing nothing?

There are so many lessons to be learned from the UN's brief foray into inter-species diplomacy – the correct way to make new friends and the proper approach to ecological conservation

– lessons applicable to all of us, no matter our gender.

Humanity has an awkward history when it comes to first contact situations, but it's still pretty surprising to find out that the official policy of Earth as detailed in the Outer Space Treaty of 1967 is to sterilise all extraterrestrials upon arrival.* This does not seem like the best way to start a relationship with a new species so perhaps it's not surprising that we've had to put the embassy on hold and have a little rethink about what being neighbourly means. Here's a hint: it usually doesn't involve removing someone's ability to procreate.

Quite apart from policy issues, the UN may have realised that establishing a department of

» When they arrive they'll be grumpy from a long trip and will want to use the bathroom

27 individuals whose main job would be hanging out at the UN headquarters making "Welcome to Earth" banners and watching *Close Encounters of the Third Kind* while arguing about the best way to bring up the whole sterilisation thing may not be the best use of funds during a recession. Instead, the UN may be adopting cost-cutting measures similar to those adopted by our Premier Soccer League who I see are conscientiously re-using all the Jabulani balls from the World Cup.

A more negative possibility comes from esteemed scientist and renowned pessimist, Stephen Hawking – he of the brainy mind and robotic voice – who claims that should aliens

ever appear they will most likely have traveled for hundreds of years in giant "ark" spaceships, pushed into the cold depths of space as their planet ran out of natural resources. When they arrive they'll be grumpy from the long trip and will probably want to use the bathroom when they get here, but after they've done that and had a good stretch and a decent meal they will greedily steal all our natural resources.

Professor Hawking feels that there would be no point in attempting to establish diplomatic communications as the arrival of visitors from another world will be much like the arrival of Christopher Columbus on the shores of America. I take it that means that most of us will get murdered, the rest of us get Casinos and there will be better television all round. This particularly grim outlook on life led to Stephen's controversial conservation policy: The Earth's Resources: use them up before the aliens get them.

Whatever the reason, the end result is the same: for now we are without clear diplomatic channels for our galactic visitors. If aliens want to contact us they'll have to do it the old-fashioned way: by crashlanding in a forest behind a pre-teen's house and slowly forming a beautiful friendship that cuts across the differences between us to the universal desire for understanding inside all of us. It's that or the probing.

*For the nitpickers out there, the actual wording is that states must "avoid harmful-contamination and adverse changes in the environment of the Earth resulting from the introduction of extraterrestrial matter and, where necessary, shall adopt appropriate measures for this purpose." Don't worry, I'm almost a lawyer: we can make "appropriate measures" include sterilisation if we have to.

kampusquotes

Want jy kan dalk jou trouman ontmoet.

– HK-lid se rede waarom inwoners meer skakelings moet bywoon

Did you just put "ginger" and "cute" in the same sentence?

– Heard at Serruria's Hennedinee

Daardie meisie het die coolste blou hare. Sy lyk soos 'n pokémon!

– Op die rooiplein gehoor

– Justin Bieber was in Stellenbosch's Mugg 'n' Bean? No! I missed my chance to be a paedophile!

– Heard in the Neelsie

I wish my girlfriend were this dirty!

– Written on dirty car window outside Admin B

– Ag nee, ek het al weer my sleutels verloor!

– Is dit nie dalk in Bohe-mia nie?

– Twee studente bespreek moontlike plekke vir verlore sleutels

F@k die sleutels. My dag is gemaak! Ek het nou net verby daai mooi ou met die kuite geloop, en toe groet hy my!

– Dieselfde student verkry perspektief

– Have you ever had an intervention?

– Yes, and penicillin cleared it right up.

– Read on bathroom door in the Arts building

Global warming is nothing compared to eternal burning in hell.

– Bumper sticker gets it really wrong

Mense gaan my judge as ek 'n Big Mac bestel!

– Student verduidelik aan vriend waarom sy nie kitskos wil eet nie

Stuur jou KampusQuotes na quotes@diematie.sun.ac.za

Riglyne aan Generasie F(acebook)

HEADBAND HEDONIS

Koos Kombuis het die jeug van sy tyd Generasie X gedoop. Hy het hulle beskryf as "die heavy dudes wat ure lank rondstaan en die verkeer ontwig. Hulle haat kapitalisme en kommunisme ewe veel. Hulle haat sommer alles en almal en hulle het die haarstyle om dit te bewys".

Ek deel as't ware ook in Koos se smart as ek kyk na ons Generasie F. Generasie F, noem ek dit. Generasie Freedom, Generasie Facelift, Generasie F-woord, Generasie Fußball, Generasie Facebook. Die probleem met Generasie F (Facebook) is dat ons minder aangelê is in die fynere kunste van etiket en etiket en soos my *newsfeed* my gereeld inlig, is dit besig om toenemend te vererger.

Emsie Schoeman het destyds 'n boek genaamd "Goeie Etiket" geskryf, waarin sy aan die Afrikanervolk verduidelik het hoe om mooi te sit, hofflik te groet, reg te eet en om

verkieslik nie te spin as jy in 'n begrafnisstoet ry nie. Geagte leser, geïnspireer deur Emsie Schoeman, bied ek jou my riglyne vir Facebook-etiket.

Algemene status update-reëls: Jy het 'n liefjie. Niks fout daarmee nie. Wat egter wel vir my 'n probleem is, is as jy in elke status update vir jou liefjie vertel hoe awesome hy of sy is en hoe lekker gisteraand was en hoe jy hom liewer het as al die sterretjies in die hemel. Spaar asseblief jou

» Moenie jou eie status like nie. Tensy jou status gaan oor hoe onaangenaam dit is as mense hul eie status like

liefdesverklarings vir sy inbox. Nee, nie sy wall nie. Sy inbox!

Moet verkieslik nie jou status elke uur update nie. Niemand wil elke uur van jou hoor nie. Gee die ander maatjies 'n bietjie kans.

Moenie op jou status spog oor hoe oulik jou nuwe Blackberry is en vir my vra om jou te invite daarop nie. Want ek het nie een nie en dit maak

my jaloers. Moet ook nie jou eie status like nie. Tensy jou status gaan oor hoe onaangenaam dit is as mense hul eie status like. Dan mag jy maar, want dis snaaks.

Jy mag nie jou relationship status na engaged of married verander tensy dit regtig waar is nie. Moet asseblief ook nie jou beste vriend of vriendin as jou wederhelfte aanmeld nie.

Moenie foto's wat jy van jouself geneem het, oplaai nie. Moet dan ook nie 'n hele album van dié goed skep nie. Halfnaakte foto's lok pedofiele uit en lok aanmerkings uit van testosteroon-gedrewe middeljariges met meisies op hoëskool, soos: "&*^%*. Jy's hot. Invite my op Mxit." Gelukkig is die era van quizzes soortvan verby.

Ek vind geen probleem met Facebook of met Generasie F nie. Toevallig neem ek graag deel aan die aanloklike aktiwiteite wat beide my bied. Wat my egter pla, is dat ons sin vir diskresie rakende ons persoonlike lewens en dit wat ons voorgee om te wees, so verwronge oor die internet is dat dit my dryf om 'n rubriek daaroor te skryf. Ons moet begin onthou dat Facebook ons die geleentheid en mag bied om die wêreld aan ons vingerpunte te hê. Ek voel dus dat oom Ben Parker se woorde aan Spiderman veral op Generasie F van toepassing is: "With great power comes great responsibility."

Die skinder agter die nuus. Die waarheid agter kampus-politiek. Die kommentaar waarvoor almal bang is. Gorrel is nie verantwoordelik vir enige ongerief veroorsaak nie.

informant 'n skuil-e-pospersona geskep om die redaksie anoniem attent te maak op dié Fasiliteit-gate.

WEES SLIM AS JY STOUT WIL WEES

INDIEN bogenoemde bewerings waar is, bied Gorrel graag sy advies aan dié penny pinchers.

Maak soos e-seerowers by Rhodes Universiteit gemaak het en stuur 'n epos aan al die Maties se mammas en pappas. Dié kuberpos moet ouers aanraai om klaggelde in 'n alternatiewe rekening in te betaal, weens sogenaamde sisteemkwale.

– In ruil vir dié en nog meer geldverduisteringswenke verwag Gorrel gunsties en nog meer. Behalwe 25% van die wins, dring

Gorrel op 'n onberkte internetkwota en toegang tot US-personeel se parkeerareas aan.

RELIGIE IS NET OMMMMM DIE DRAAI

GORREL sit bene gevou en mompel Gorrel se mantra. Maar o gits, moet 'seblief net nie die Neelsie-sentrumbestuur laat weet nie! Die vrede-liewende joga-vereniging is onlangs in die Neelsie deur die bestuur se snuffelhonde verwilder en weggejaag.

– Maar Gorrel meen joga kan nie godsdienstig wees nie. Komaan, Madonna doen dit dan! En sy dra 'n cone-bra... Dis 'n lewenstyl-keuse. En dis óók waarom Gorrel met 'n killer physique en spandex-broekie by Coetzenburg kan spog.

GORRELKOP

US-APIE AMPER UIT MOU GELAAT

UITEINDELIK! Weer skindernuus op kampus! Gorrel verneem by dié publikasie se redakteur dat ondergrondse gekonkelry in die ivoortoring seëvier.

Die Matie het onlangs 'n anonieme wenk ontvang dat sekere hooggeplaastes moontlik koekies uit ouma se koekieboek gegaps het. Pappa Russel was blykbaar inderhaas op pad om dié vente oor die vingers te tik. Gorrel kan dit goed glo en dit verduidelik dalk die skielike styging in gelde en die daling in fasiliteitstandaarde.

Bogenoemde inligting kon egter nie bevestig word nie.

– Volgens Gorrel se redaksie-maatjies het die

Quote van die week

Ek gaan agter jou aanhardloop, jou inhaal, en jou met my suster se Nicholis Louw-CD gooi.

– Padwoede in aksie

www.nubar.co.za

Jou ma se
MOKSIE!

“Ek is 'n skarrelaar”



KWYTRAAK

Jo Wessels

Stellenbosch is vol stories. Eendag as ons terugdink aan ons alma mater gaan daar nie verhaale wees oor wat ons in boeke geleer het nie, maar eerder oor die unieke karakters wat ons teëgekom het en ervarings wat ons opgedoen het.

Een persoon wat só 'n bron van opwinding is, is Moksie. Stellig gesê het die meeste studente haar al op kampus of elders in die dorp teëgekom. Sy word geken aan haar opgewekte optrede, snaakse sêgoed, oulike danse en vurige onderhandelinge waarmee sy donasies invorder.

My eerste ontmoeting met haar was waar sy my gegryp het om saam met haar in 'n openbare fontein te dans. Soos baie ander van haar geaardheid sê: sy is legendaries. Dus vra ek haar eendag toe ek haar weer raakloop of *Die Mattie* haar kan Kwyttraak. “Vir my?” vra sy oorbluf. Ja, beaam ek, sy het immers sinoniem geword met die Stellenbosse studentegemeenskap.

Sy is só gewild dat 'n aanhanger vroeër vanjaar 'n Facebook-groep oor haar gestig het. Dié groep het teen 'n geweldige spoed baie lede verwerf en het tans in die omgewing van 3 400 aanhangers – amper soveel studente soos in die onlangse SR-verkieping gestem het! Op die groep

se blad deel studente hul foto's en ervarings van dié opgewekte siel. Dit wissel van kommerwekkende kommentaar tot verhaale wat jou laat skater van die lag.

Só sit ons toe een middag in Banghoekweg op 'n grasperk onder 'n lowergroen eikeboom om die rustiger kant van Moksie te leer ken. Wanneer ek vra hoe dit met haar gaan, val sy weg: “Met Moksie gaan dit tussen die boom en die bas: ek is meer vas as los.”

Sy heet eintlik Maureen Christina Martien, maar sê beslis: “Noem my net Moksie”. Sy verduidelik dis ook makliker vir die studente om te sê. Sy is op 6 Augustus 1968 op Tulbagh gebore, maar is op 'n vroeë ouderdom reeds Stellenbosch toe nadat haar ouers kort ná mekaar oorlede is – haar ma aan kanker en haar pa weens asmaprobleme.

Haar oë verdof soos sy herinneringe aan haar ouers oproep. Dis duidelik dat dit 'n hartsnaar aangeroeper het. 'n Paar groot trane rol oor haar wange. “Maar die Here is altyd goed,” voeg sy agterna by. “Ek loop met God se genade.”

Sy het self drie kinders. Clonita, haar oudste, is 23 en het ook twee kinders van haar eie. “Té pragtig!” sê Moksie van haar kleinkinders.

Maar haar gedagtes lê steeds vlak by haar jongste twee, Cyrilene (13) en Elton (10). Sy vertel met onsteltenis hoe die welsyn haar kinders weggevat het. Hulle bly nou by pleegouers in Pniel. “My eie twee kinders weggevat!” roep sy. Dit krap haar merkbaar om. Sy begeer net 'n plek van haar eie dat haar kinders weer by haar kan

wees.

“Dit sal my lewe en leefwyse verander,” sê sy. “Ek is lief vir my kinders.” Sy sien steeds haar kinders en vertel my meer oor Elton, die appel van haar oog, en van hoe groot hy word. “Hy's té oulik!” sê sy en 'n glimlag groei op haar gesig terwyl sy van hom praat.

Sy erken dat haar lewe moeilik is en dat sy tekortkominge het. Haar oë raak weer tranerig. “Die Here het sy kruis alléén gedra. Vir óns sonde,” sê sy. “Ons moet onse kruise dra.”

Sy kom maar klaar met die donasies van ander, sê sy. “Maar met daai geldjies wat die studente my gee... Ek neem my kinders in ag.”

“Ek is 'n skarrelaar.” (Skarrel is jargon vir “bedel”). Sy is alombekend vir haar unieke manier van geld insamel, wat dikwels die gebruik van kru en skeltaal insluit.

Ek vra haar meer hieroor uit, want waar ons rustig sit is sy beleefd en het sy nog nie een keer kru gepraat nie. Intendeel, sy praat mooier Afrikaans as ek. Toe ons byvoorbeeld gesels oor hoe belangrik dit is om te praat, gebruik sy die mooi uitdrukking “Ek kan nie van my hart 'n moordkuil maak nie”.

Ja, sê sy, die vloek en skel is maar vir die studente se vermaak. “Hulle hou daarvan; hulle lag daaroor”. Dis maar 'n manier om gewildheid te verwerf, baie soos dié grappies van 'n hofnar van ouds.

En dit werk klaarblyklik. Moksie is gewild onder studente, al word dit nie deur hul beursies weerspieël nie.

Ek vra haar wat haar opinie van studente is. “Ek is lief vir hulle!” erken sy. “En hulle is lief vir Antie Moksie.” Sy vertel dan van 'n onlangse ontmoeting waar studente haar liefdevol oërrimpel het. Tog noem sy dat studente se drinkgewoontes haar effens pla. Ek wonder self hoe die dronkenskap en losbandigheid van studente vir haar lyk.

Ek vra oor haar Facebook-faam en of iets verander het sedert die stigting van dié groep. Sy noem dat studente haar nou méér as tevore roep. “Hulle raak lief vir Moksie. As hulle so skree, my hart gaat oop. En ek voel dis my mense daai.” Sy voeg 'n bietjie nadenkend by: “Dit wys net 'n mens se liefde, jou respek en dissipline tel baie by ander mense.”

Voor ons afskeid neem, neem ons nog 'n paar foto's saam, en Moksie vra Johann om ook foto's te kom te neem van haar man, Alfred Fikile, wat naby is. Daarna groet sy ons met haar kenmerkende: “Oukei my skat, Moksie's baie lief vir julle!”

En dit is juis die idee van liefde wat ná ons ontmoeting by my bly talm. Dit is soms baie maklik vir mense om neer te kyk op ander weens waarneembare sosiale gapings en verskille in leefwyses. Ons vergeet dikwels om ander se menslikheid te erken.

Moksie het twee keer tydens ons gesprek iets gesê wat my veral sal bybly. “Ons is almal mense deur God geskape.”

Foto: Johann Swart

Wie verteenwoordig die studenteraad werklik?



STUDENTEFORUM

Jan Greyling

Studente-apatie? Huh, wat se goed? Dit was hoe ek gereageer het toe ek die term vir die eerste keer in my derdejaar by 'n Studenteraad (SR)-kousus gehoor het. 'n Vriend het my gelukkig met 'n eenvoudige verduideliking gehelp: “Studente gee nie om nie”. Siende dat ek vanjaar self in die oop verkiesing gestaan het, moes ek baie aandag gee aan hierdie verkiesingsterm en het verwickelinge die afgelope kwartaal veroorsaak dat ek die saak moes herbesoek.

Apatie word gedefinieer as 'n staat van ongeërgdheid of 'n onderdrukking van emosies soos besorgdheid, opwinding, motivering of passie. As 'n mens maar net aan toetsweke, PSO/koshuis-funksies of die onlangse ser- en sportfinale dink, is studente alles behalwe emosio-

neel onderdruk. Studente is dus nie generies apaties nie, maar studente is apaties teenoor die SR. In 2010 het net meer as 3 900 studente in die verkiesing gestem. Dit is hier waar die dinge interessant raak. Eerstens moet 'n mens met jousef eerlik wees; 'n groot aantal studente sal eenvoudig nooit oor die verkiesing omgee nie, omdat hulle dink dat dit wat die SR doen geen effek op hulle het nie. 'n Mens kan maar net na internasionale verskiensingsyfers kyk. In 2008 het tussen 61% en 63% van stemgeregtige kiesers aan die Amerikaanse presidensiële verkiesing deelgeneem en in 2009 het 76% kiesers aan Suid-Afrika se nasionale verkiesing deelgeneem. 'n Mens moet dus maar hiermee verlies neem.

Dit lei nou egter tot die volgende vraag: wat van die tweede groep? Hoekom is daar só 'n klein hoeveelheid van hierdie teoretiese kiesersbasis betrokke? As 'n mens net na die syfers kyk, kan 'n mens tot die gevolgtrekking kom dat die studente die probleem is. Ek dink egter dat dit nie heeltemal korrek is nie en dat daar ook na die SR gekyk moet word vir die probleem. Is die fout nie eerder by die SR nie? Is die SR steeds relevant binne ons huidige konteks? Waarmee is

hulle besig en hoekom?

Ek dink ons sal moet kyk na hoe ons die SR se rol verstaan. Om bloot 'n paar keer met bestuur te gesels, om die heeltyd *events* te reël en om dan en wan in vergaderings te sit, is nie goed genoeg nie. Op die ou end gaan dit oor die verteenwoordiging van die studente se beste belange. Hierdie belange kan ook nie net die SR-lid se persepsie daarvan wees nie, maar dit moet gekalibreer wees volgens dié van die groter studenteliggaam. Tans maak die SR nie studente deel van besluitneming nie. Verder raak die SR gefrustreerd as bestuur hul standpunte nie heeltemal ernstig opneem nie. 'n Mens moet jousef afvra hoekom hulle dit móét doen? Is die verteenwoordigers werklik voorbereid vir die vergadering? Verstaan hulle die saak op hande? Wie se opinie is dit dan eintlik? Is dit die opinie van twee of 16 studente of is dit die opinie van 'n groter studenteliggaam? Ter illustrasie wil ek met die studentegelde-sage afsluit. Om eerlik te wees het die SR aanvanklik nie die erns van die saak en die proses verstaan nie. Ons perspektiewe is ook nie aanvanklik in ag geneem nie en ons standpunte is eers relatief laat in die proses

deur studente ondersteun.

Hierdie is 'n moeilike saak. Aan die een kant moet die SR verseker dat die US kwaliteit onderrig bied en dat verhogings billik is. Navrae van die SR in hierdie verband is nie wantrou in bestuur nie. Aan die ander kant moet die SR verseker dat studente, indien nodig, finansiële ondersteuning het om hierdie kwaliteit onderrig te kan bekostig. Hiervoor kan die universiteit ondersteuningsbeurse verskaf, maar ook met beurse- en leningsverskaffers onderhandel.

Na my mening is hierdie sages 'n waterskeidings-gebeurtenis en sal die SR ernstig moet kyk hoe hulle hul rol verstaan.

– Greyling is die SR-voorsitter vir die 2010/2011-termyn.

Die menings in hierdie rubriek is nie noodwendig dié van die koerant, die redakteur of enige lid van die redaksie nie. The opinions expressed in this column are not necessarily those of this newspaper, its editor, or any member of its staff.

SPORTINBRIEF | SPORTINKORT

Krieket-Superliga begin

PIET LATEGAN

MATIES KRIEKET ding tans mee in die premierliga van die Boland-Superliga.

Daar gaan elke naweek wedstryde gespeel word wat elk 45 boulbeurte lank is.

Daar sal ook wedstryde oor 40 boulbeurte gespeel word, en ook

wedstryde wat oor 20 boulbeurte strek en as Pro-20 wedstryde bekendstaan.

Maties gaan teen Brackenfell en Paarl-Oos te staan kom.

Gelukkig het Maties se krieketspan nie té veel van hul spelers verloor nie, nadat Johan Bothma die span verlaat het.

Maties se tweede krieketspan ding ook in dié liga mee.

Swimmer in India

ERIKA LOOTS

HEERDEN Herman is currently representing Maties Swimming in Delhi, India, at the Commonwealth Games this month.

In April 2010, Herman qualified for the Commonwealth Games at the Senior Nationals Long Course Championships in Durban. He won the 1 500m freestyle at this event.

Herman was also very successful at the Maties Winter Series on 28 August and broke the 400m and 1 500m club series records – the latter in a time of 14.53.77.

He also improved the time he swam at the South African Short Course championships in Pietermaritzburg to achieve the third best time in the world for this

season.

Herman took gold in the 400m, 800m and 1 500m freestyle events at the same event, which qualified him for the World Short Course championships in Dubai in December 2010.

Herman trains up to three times a day, totalling a hundred kilometres a week.



Photo: SUPPLIED

Maties-Rugby verloor

PIET LATEGAN

DIE MATIES-rugbyspan het op 24 September 24-15 teen College Rovers verloor en daarom ook die SAA-klubkampioenskappe verloor.

Indien Maties sou gewen het, sou dit die dertiende keer gewees het wat Maties in die klubkampioenskappe koning gekraai het. Hulle sou ook vir die eerste keer in hul geskiedenis 'n goue driekuns behaal het, siende dat hulle reeds die Varsitybeker en die WP-liga gewen het.

College Rovers is die rugby-kampioene van Kwazulu-Natal en is bekend as een van die beste opeklubs in Suid-Afrika met verskeie provinsiale spelers in hul span.

College Rovers se agterspelers was indrukwekkend en het die eerste helfte oorheers.

Maties se vaste fasette was sterk

en hul haker, Arno White, het aan die voerpunt beïndruk.

College Rovers se losskakel, Wes Dunlop, het met twee strafskoppe daarin geslaag om die Rovers 'n voorsprong van 6-0 te gee. Hierna het Maties die eerste drie van die wedstryd gedruk nadat White met krag oor die doellyn gebeur het. Maties se losskakel, Coenie van Wyk, se korrel het hom egter met die doelskop in die steek gelaat.

College Rovers het inisiatief geneem en hul buitensenter, Jerome Pretorius, het die tweede drie van die wedstryd aangeteken. Dunlop se doelskop was egter skeef. Teen rustyd was die telling 11-5 in die College Rovers se guns.

Maties het tog in die tweede helfte verbeter en veral hul voorspelers gebruik om veld te wen. College Rovers het egter in die wedstryd se doodsnikke met 'n strafdoel die finale uitslag bepaal.



NET VOOR HY VAL Simonsberg het Medies tydens die SAUER-koshuisrugbyfinaal met 23-10 geklop. Hier bring Cameron Turner (Simonsberg) vir Lourens Wahl (Medies) grond toe. Foto: JOHANN SWART

Die regte oefenprogram is die sleutel tot 'n beter atleet

Fiksword vir jōu sport

THEA VISSER

Fiksheid is nie net die sleutel tot meer energie en 'n gedefinieerde lyf nie, maar is ook belangrik in die beoefening van enige sportsoort. Aërobiese kapasiteit, ratsheid, spoed, buigsamheid, krag, behendigheid en uithouvermoë is slegs van die fiksheidskomponente waaraan atlete kan werk.

Sokker

Indien jy daarin belangstel om sokker te speel, is aërobiese, krag- en spoedoefening van die uiterste belang. 60 tot 70% van 'n sokkerspeler se oefenprogram moet uit aërobiese oefening bestaan (wat draf, hardloop, touspring, fietsry en trappe klim insluit).

In die gimnasium moet daar met gewigte geoefen word om sterker te word. 10 tot 15% van 'n sokkerspeler se totale program kan uit kragoefeninge bestaan. 5 tot 10% van oefeninge moet fokus op buigsamheid (wat deur strekoefeninge bevorder kan word).

Rugby

Rugbyspelers het krag, stamina, hand-oogkoördinasie, uithouvermoë, spoed, asook goeie en vinnige voetwerk nodig.

Dit kan deur aërobiese, krag- en spoedoefeninge verbeter word. Draf en sprints is baie goeie oefening.

Krieket

Dit is belangrik dat krieketspelers goeie hand-oogkoördinasie het. Dit kan verbeter word deur oefeninge met 'n bal te doen.

Dit word aanbeveel dat die speler trappe op-en-af hardloop terwyl iemand 'n bal na hom/haar gooi.

Spelers moet vinnig en rats op hul voete wees. Veral veldwerkers moet uithouvermoë hê. Algemene aërobiese oefeninge kan hiermee help.

Swem

Swemmers moet spesiale aandag aan die bolyf geskenk. 'n Swemmer se arms en skouers moet sterk genoeg wees om kragtige hale in die water te kan gee. Daarby moet 'n swemmer se bene, laer rug en maagspiere sterk wees om te verhoed dat die bene sink.

Die bo- en onderlyf moet met gewigte geoefen word. Gewigte hoef nie noodwendig by die gimnasium geoefen te word nie. Blikkieskos en ander huishoudelike items kan ook tydens oefening as gewigte gebruik word. Gaan draf terwyl jy twee blikkies vashou. Aërobiese oefening sal ook korrekte asemhaling in die water bevorder.

Raketsport

Om 'n raketsport te bemeester sal bal-oogkoördinasie geoefen moet word. Krag, uithouvermoë en behendigheid is ook noodsaaklik.

Hand-oogkoördinasie kan verbeter word deur die bal teen 'n muur of teen die grond te slaan. Kort sprints sal ratsheid bevorder, wat veral vir muurbal belangrik is.

Netbal

Stamina, krag, spoed, hand-oogkoördinasie en voetwerk is belangrik om in netbal uit te blink. Krag kan met opstote en opsitte verbeter word. Spoed kan geoefen word deur afwisselend kort en lang afstande af te lê.

Fiksheidsmitte 1

"Onthou strekoefeninge voor met 'n oefenprogram begin word."

Hierdie stelling is net deels waar. 'n Mens behoort slegs strekoefeninge te doen ná 'n opwarmingsessie. Strekoefeninge is nie opwarmingsoefeninge nie. Om spiere te strek sonder dat spiere opgewarm is, is gevaarlik. Warm vir vyf tot tien minute op.

Fiksheidsmitte 2

"Ek wil nie met gewigte oefen nie, want as ek ophou, gaan my spiere in vet omsit."

Spiere en vet is twee totaal verskillende weefsels in die liggaam en die een kan nie in die ander verander nie. Spiere bestaan uit klein veseltjies, wat kan verklein, maar nie kan verdwyn nie. Indien iemand ophou oefen, kan die spiere weer opgebou word.

STELLENBOSCH AUTO CLINIC

MECHANICAL ⚡ ELECTRICAL ❄️ AIRCON 📞 ALARM

ONS ONDERNEEM:

- Diens en herstelwerk van alle voertuie (petrol en diesel)
- Auto elektroniese werk
- Auto elektriese werk
- Installeer en herstel van alarms
- Lugversorging
- Radios

Kontak Nic

Tel: 021 883 3661 / E-pos: sac@telkomsa.net

Louisenhof Wines

Koelenhof Road Stellenbosch

Happy Hour Wed. & Fri.
14H00 - 17H00

*Discount on beer and wine
*Free wine tastings

021-8652632 - FOOD



FANCY FOOTWORK Here local street soccer players show off their skills. International soccer stars, such as Steven Pienaar and Robinho de Souza, started their careers on the streets.

Photo: VANESSA SMEETS

Game benefits all players

Street soccer advances skills

SPORT DESK

Street soccer is often played in townships. Players vary in number – there can be between three and ten on a side. It is also not a necessity to have a goalie.

Players are allowed to handle the ball. Street soccer is informal and does not necessarily always conform to all the formal rules of international soccer.

Many international soccer stars, like Carlos Tevez from Argentina, learnt their skills on the streets.

According to soccer magazine *Soccerworld*,

Tevez has argued that one can see a difference between players who began playing soccer in leagues and those who started on the street.

The latter have an apparent headstart with a better feel for the game.

He also commented that players tend to find their motivation for playing soccer on the streets.

Robinho de Souza from Brazil is another international soccer player who was noticed at the age of six while playing soccer on the streets.

In an interview with *Soccerworld*, De Souza acknowledged that his street soccer background gave him an edge and advantage over other players.

He says that this informal way of playing soccer teaches beginners to play with initiative and a creativity that no league can impart to a player.

As far as he is concerned, street soccer should be the foundation for anyone who takes soccer seriously.

Our very own Bafana-Bafana star, Steven Pienaar, also started his career on the streets.

He commented (in *Soccerworld*) that players acquire creativity on the streets. When players need space, they yell, "Tsamaya".

He jokingly said that when he uses this Sotho word in international games, opponents get such a fright that they completely back-off during the game.

This informal way of playing soccer can help soccer lovers to become fit and more swift-footed (sometimes without their noticing).

Participants acquire technical, tactical, mental and physical qualities that help them develop into more balanced players.

Some of the physical qualities that street soccer develops are dribbling, foot work and agility.

School level players can benefit from street soccer as teams consist of different age groups. Beginners, especially, can learn from more experienced teammates.

Recently, organisations like Sport4Change, South African Homeless Street Soccer and GreatergoodGlobal

have started to use street soccer to involve young people in communities such as townships and low income residential areas in street soccer in order to develop their interpersonal and leadership skills. These projects focus on developing the youth and keeping young people off the streets.

Coaches and helpers provide a support system some of the young people have never had.

Local teams in Stellenbosch usually practise in the afternoons and meet in Merriman Street at around 17:00.

There are twelve networks in the Cape Town area and matches are played between teams on Saturdays. Each team represents a different part of this area.

These networks also implement street soccer rules and are more formal than everyday street soccer. Matches also take place on school fields. Coaches and organisers are volunteers. Visit www.westerncapestreetfootball.com or www.soccer.org for more detail.

Local teams in Stellenbosch usually practise in the afternoons and meet in Merriman Street at around 17:00

Steinhoff
 International



**Geluk aan Steinhoff Simonsberg
 wat die SAUER-beker teen Steinhoff
 Medies met 'n eindtelling van
 23 - 10 gewen het.**



FIRST NATIONAL BANK
MATIES FIRST TEAM

18 September 2010
FNB Maties vs Kimberley Police
 99-7

20 September 2010
FNB Maties vs Springs
 49-27

22 September 2010
FNB Maties vs Hamiltons
 45-19

First National Bank
 How can we help you?
www.fnb.co.za